

5 November

Skrifgedeelte: Johannes 21:15-25

Fokusgedeelte: Johannes 21:18

Die Simon-natuur en die Petrus-natuur

Die gedeelte praat van twee tydperke in Simon Petrus se lewe: toe hy jonger was en toe hy oud geword het. Hierdie twee tydperke verteenwoordig twee lewensinstellings by Simon Petrus, naamlik die lewe van die Simon-natuur en dié van die Petrus-natuur. Na die oggendete op die strand van die See van Tiberias vra Jesus drie keer vir Simon na sy liefde vir Hom. Al drie keer sê Simon “ja” met ‘n woord wat baie swakker is as die woord wat Jesus vir *liefde* gebruik. Hy sê hy “hou” van Jesus. Dit was nie omdat hy Jesus nie werklik liefgehad het nie, maar omdat hy deeglik daarvan bewus was dat hy Jesus drie maal verloën het. Op die koop toe is dit hy wat onlangs nog gespog het dat al sou almal aan Jesus aanstoot neem, hy dit in der ewigheid nie sal doen nie. Hy is dus nou deeglik bewus van sy eie swakheid. Hy raak nie eers ongeduldig as Jesus hom drie maal dieselfde vraag vra nie. Hy word eerder bedroef, want hy besef dat hy sy Here in die steek gelaat het toe hy Hom kon verdedig het. Hy steun nie meer op sy eie krag en vermoë nie. In die besef van sy swakheid bely hy sy afhanklikheid van die Here.

Die wonderlike is dat die Here hom in sy amp herstel. Al het hy so diep in die sonde geval, al het hy sy rug op die Here gedraai, sy Here het nie “sy rug” op hom gedraai nie. Sy Here soek hom op! Sy Here herstel hom weer! Dan onderrig die Here hom met die woorde van ons teks. Die Here wys hom daardeur op die valse selfvertroue waarmee hy gelewe het. Wat is die gesindheid wat die Here eintlik wil hê? Afhanklikheid van Hom. Hoe ontsettend afhanklik is ons nie van die Here nie! Laat ons in ons eie kleinheid ons stel in die hande van die groot en almagtige God. Wie klein en afhanklik voor God staan, is ‘n “rotsman”, want sy God, die Almagtige, is met hom.

Sing: Psalm 31:1,3 Ds AB van der Walt (Kuruman)